

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 4, No. 4

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

GROOT probleme in die toekoms!

Die meeste mense hou nie daarvan om die werklikheid in die oë te kyk nie, veral nie wanneer die opdoemende werklikheid onaangenaam is nie. Dit is baie makliker om anderkant toe te kyk – met die hoop dat “slegte dinge” nooit sal gebeur nie. Dit is ook makliker om uit te stel as om tot die daad oor te gaan. Aksie vereis inspanning, en ware aksie mag vereis dat ons *dinge verander* eerder as om gemaklik met die stroom langs te dryf.

As 'n dienaar van die lewende God, is ek “wagter” oor die moderne “Huis van Israel” (**nie** alleenlik Juda nie). Dit word van my vereis dat ek God se volk waarsku van wat voorlê. Die geïnspireerde woord van God sê: “As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, *moet jy hulle van my kant waarsku*” (Esegiël 33:6-7).

God sê ook vir Sy dienaars: “**Roep uit die keel**, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n **basuin!** En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes” (Jesaja 58:1).

Ek moet al u getroue lesers plegtig waarsku – *dié van u wat verstaan* – dat gebeure en tendense

wat nou besig is om plaas te vind, 'n duidelike “teken” vir ons behoort te wees dat die **einde** van hierdie huidige era nou voor die deur lê. 'n Ware stortvloed van smerigheid en pornografie kom tans op ons samelewing neer. Al meer rolprente en televisie produksies beklemtoon die misbruik van seks op elke moontlike manier. Benewens die gereelde uitbeelding van angswekkende en ongevraagde *geweld*, ontug en egbreuk, beklemtoon ons “vermaak” toenemend verskeie vorms van seksuele perversie.

Moontlik nog erger, is dat baie van ons vooraanstaande politici en regters besig is om te help om hierdie perverse lewenswyse wat op ons niksvermoedende mense afgesmeer word, te bevorder. Liberale politici het selfs die President van die Verenigde State aangeval en probeer diskrediteer omdat hy die konstitusionele wysiging ondersteun het wat verklaar dat 'n wettige huwelik tussen een man en een vrou is.

Hoe ver het ons gekom!

Wat hierdie misleide wêreld **nie** verstaan nie, maar wat u *Wêreld van Môre* lesers moet verstaan, is dat hierdie soort gedrag beslis daarop dui dat die **einde** van hierdie wêreld se samelewing werklik *baie naby* is. In wat werklik 'n grondliggende profesie vir ons Engelssprekende wêreld is, het die Ewige God vir ons voorvaders sekere basiese kwessies geskets. God sê: “As julle in my

insettinge wandel en my **gebooie** hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes, en die druiwe-oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon” (Levitikus 26:3-5).

God sê egter: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie **gebooie** nie doen nie; en as julle my **insettinge verwerp**, en as julle siel van my verordeninge 'n **afsku het**, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal **verskrikking** oor julle beskik: die **tering** en die **koors** wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet” (verse 14-16). Die profesie gaan voort en beskryf die waarlik *skrikwekkende dinge* wat sal gebeur indien Sy volk nie tot hulle sinne kom en hul Skepper *gehoorsaam* nie: “En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle *sewewoudig* weens julle sondes te tugtig. En Ek sal *julle trotse mag verbreek*, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie” (verse 18-20).

Vervolg op bladsy 26

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

GROOT probleme in die toekoms!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

Hoe sou Jesus stem vir President?

Sal die terroriste oorwin?.....8

Vrae en antwoorde.....13

Nasiebou: God se manier.....14

Toekomstige hongersnood: Die derde ruiter.....19

Jesus Christus is in beheer.....21

Wag op God.....24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Hoe sou Jesus stem vir President?

Deur Roderick C. Meredith

In 2003 was die presidiële verkiesingsveldtog dwarsdeur die Verenigde State in volle swang. Weke voordat die groter partye hul amptelike nominasiekonvensies gehou het, het die media ons sintuie reeds met aanhangerpleidoorie gebombardeer: “Stem vir George W. Bush” of “Stem vir John Kerry!”

Aantygings en teen-aantygings word uitgeruil. Wie se skuld is dit dat Irakese gevangenes mishandel is? Wie vertel leuens oor sy militêre loopbaan? Watter kandidaat se waardes verteenwoordig werklik die Amerikaanse volk?

Wat behoort 'n ware Christen te doen? Hoe behoort ons te reageer? Meer belangrik nog, **hoe sou Jesus Christus reageer** in hierdie politiek-belaaide atmosfeer?

Streef die VSA die regte strategieë na in sy “oorlog teen terrorisme” terwyl hul aansien in die buiteland skade ly weens 'n Irakese konflik? Volg Amerika 'n behoorlike binnelandse beleid, sy enorme nasionale skuld en ekonomiese onsekerheid tuis in aggenome?

Wie kan ons uit die moeras van ons dalende sedes, onsekere ekonomie, kwynende lewensstandaarde en die toenemende rasse- en etniese

spanning in ons samelewing lei? *Wie?*

Ons moet almal erken dat 'n ware Christen iemand is in wie Christus deur die krag van die Heilige Gees leef. Die apostel Paulus skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

'n Ware Christen moet leer om te leef soos Jesus Christus werklik geleef het – nie soos talle mense verkeerdelik *veronderstel* Hy *dalk* geleef het nie. Jesus Self sê vir ons: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Die ware antwoord oor hoe ons in 'n demokratiese nasie behoort te leef en te funksioneer, word in die Bybel gevind – die geïnspireerde Woord van God, want ons moet die “gesindheid [hê] wat ook in Christus Jesus was” (Filippense 2:5). Die Bybel is ook die openbaring van God se intellek – wat vir ons sê hoe die Vader en Jesus Christus werklik dink oor die fundamentele kwessies van die lewe.

Onafhanklik van wie?

Gedagtig aan 4 Julie –

“Onafhanklikheidsdag” in die VSA – spoor patriotiese boodskappe burgers aan om die een of ander kandidaat te ondersteun. As ons kyk na die manne wat vir presidentskap staan, vra ons onself af: “Glo hy *werklik* dat hy bekwaam is om die wêreld se enigste supermag te lei? Dink hy dat **enigiemand** opgewasse is vir die taak?” Waar is *God* in al hierdie dinge?

Van die begin af het die mensdom probeer om homself te regeer sonder God se direkte leiding. Die meeste beleidende Christene besef nie eens wat Jesus Christus te doen het met regering nie, want hulle het baie meer gehoor van “die klein Here Jesus in 'n krip,” as wat hulle vertel is van die Bybelse Jesus Christus wat nou aan die regterhand van God in die Hemel staan (Handelinge 7:55-56). Die ware Christus sal spoedig terugkeer in majestueuse glorie as die letterlike Koning van konings oor die hele aarde! Hierdie Jesus is onbekend aan die meeste mense.

Onthou, weinig belydende Christene besef dat Jesus se Evangelie gegaan het oor wêreldregering. Een van die slimste Sataniese misleidings wat ooit versprei is, is dat Jesus Christus se boodskap hoof-

saaklik oor Homself handel. Die beginpunt van ware Christelikeheid is die aanvaarding van die gestorte bloed van Jesus Christus ná werklike **bekering** (iets wat selde elders genoem word!) van sonde. Jesus se hoofboodskap – die Evangelie wat Hy verkondig het – het egter gehandel oor wêreldregering en elke mens se bereidwilligheid om werklik oor te gee aan God en uiteindelik deel te word van Sy goddelike Gesin. Hierdie goddelike regering sal binnekort oor hierdie hele aarde **regeer!**

Wie REGEER hierdie huidige wêreld?

Hoewel baie mense gelei is om te glo dat hierdie God se wêreld is, sê die Bybel vir ons iets heel anders. Die apostel Johannes is geïnspireer om te skryf: “Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie” (1 Johannes 2:15).

Gedurende Jesus Christus se versoeking, is Hy na 'n berg geneem waar al die glorie van die wêreld se koninkryke aan Hom gewys is: “En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag [om te regeer] gee en hulle heerlijkheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil” (Lukas 4:6).

Het Jesus Satan weerspreek en vir hom gesê dat Hy **nie** in bevel van hierdie wêreld se koninkryke was nie? Nee. Hy het nie. Naby die einde van Sy bediening, praat Jesus egter só van Satan: “Nou is dit die

oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Johannes 12:31). Hy sê ook verder: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie” (Johannes 14:30).

Later skryf Paulus: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korintiërs 4:3-4). Satan, die Duiwel, is die onsigbare heerser – die “god” van hierdie era, wat ongeveer 6,000 jaar van die mens se geskiedenis sedert Adam geskape is, beslaan, maar wat ten einde sal loop met die Wederkoms van Jesus Christus as Konings van konings! God inspireer Paulus om aan ons te onthul dat Satan “die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” is (Efesiërs 2:2). Die onsigbare geestelike heerser – die prins – van hierdie wêreld se samelewing, is dus Satan die Duiwel!

Die ware Skeppergod tree nogtans tussenbeide wanneer nodig, ten einde Sy doel te bereik. In Galasiërs 1:4, leer Paulus dat Christus “Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld”. Egotistiese mense, wat egter

dink dat hulle alles weet, is eintlik onbewus daarvan dat hulle onder die kragtige invloed van die onsigbare Satan is. Hulle dink dat hul idees omtrent die samelewing en regering – dikwels in lynregte teenstelling met dié van God – sin maak. God sê egter: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreuke 14:12).

Satan **mislei** hierdie wêreld op 'n duisend verskillende maniere! In Openbaring, voorsien Johannes binnekort 'n geestelike oorlog, wanneer “die groot draak ... neergewerp [word], die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9).

Later openbaar God aan ons dat Satan in 'n bodemlose put gegooi gaan word aan die begin van Christus se heerskappy op aarde “sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie” (Openbaring 20:3). Die Bybel maak dit baie duidelik dat hierdie huidige samelewing Satan s'n is. Eerder as om opreg God se wil te soek, is vandag se samelewing gebaseer op ydelheid, mededinging, misleiding en bedrog.

Jesus sê aan Pontius Pilatus: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie”

(Johannes 18:36). Dit is duidelik dat Jesus gladnie van voorneme was om te probeer om in hierdie wêreld se politiek en oorloë betrokke te raak nie. Hy het 'n ander wêreld verteenwoordig, 'n ander regering – die Koninkryk van God. Jesus sou dus beslis nie probeer het om hierdie wêreld te herorganiseer en te midde van leuens en knoeiende politiese staatsbestel onder die invloed van Satan die Duiwel te beland nie!

Opleiding om konings te wees

Die Bybelse Jesus Christus sal heel moontlik gedurende die volgende geslag terugkeer om op 'n regte troon in die stad Jerusalem te sit. Sy regering sal regoor die hele aarde gevestig word – 'n letterlike regering, bekragtig deur die Almagtige God, regeer deur die Koning van konings en Heer van here (Openbaring 19:15-16). Wat sal Jesus se volgelingen – die ware heiliges van God – doen? “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3). In die daaropvolgende paar verse gaan Paulus voort om uit te brei hoe die Christene in Korinte veronderstel was om te leer om God se regering in die Kerk te beoefen deur onderlinge probleme reg te “oordeel”. Van Genesis tot Openbaring, was 'n ampsbetrekking in God se regering altyd deur toewysing

gevol – **nie** deur politiekery of deur andersins misleidende beloftes aan mense te maak om hul stemme te werf nie. Dit is in hierdie konteks dat Paulus kon vra: “Moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word” (vers 4)?

Christene word tans opgelei om konings en priesters te wees in die eerskomende Koninkryk van God. Jesus sê: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Ons moet dus ons menslike weë en ons menslike selfsug oorwin en leer om God se regering nou toe te pas. Let op hierdie “gebed van die heiliges” in Openbaring 5:9-10: “U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers”. Dit is duidelik dat die ware Heiliges van God eersdaags heerskappy gaan hê – **nie** in die Hemel nie, maar *op hierdie aarde*!

Bestudeer die gelykenis van die ponde in Lukas 19:11-27 sorgvuldig. Hier word uitgebeeld hoe Jesus hemel toe gaan om Sy Koninkryk in ontvangs te neem en terug te keer. Met Christus se Wederkoms, beloon Hy Sy dienaars volgens hoe goed elkeen gevaar het in die

gebruik van Godegewe tyd, talente en wysheid om God te dien. Watter beloning het Christus Sy getroue dienaars gegee? “En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede” (vers 17). En aan die kneg wat net vyf pond verdien het? “En jy moet wees oor vyf stede” (vers 19).

Sien u hier enige aanduiding van politiekery of stemmery? Gladnie. Inteendeel, dit is net nog een Bybelse voorbeeld om aan Christene duidelik te maak dat die beste vorm van regering – God se Regering – geensins gebaseer word op menslike politiekery, kompromieë, vals verdraaiings en handelings nie, om dan met onwys oplossings vir ons probleme vorendag te kom.

Jesus sê: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie” (Johannes 18:36). Hy sou Homself beslis nie verneder om deel te word van hierdie wêreld se verkeerde benadering tot regering nie. Christus sal eerder met Sy terugkeer, beslissend optree teen die regerings van hierdie wêreld. “Maar in die dae van dié konings [aan bewind net voor Christus se Wederkoms] sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Daniël 2:44).

God beskryf later in Daniël duidelik hoe die ware Heiliges met die Wederkoms van die Messias gesag gaan kry, onder Christus, oor **al** die regerings van hierdie aarde. “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27).

Hoe behoort Christene NOU met menslike regerings saam te werk?

Alhoewel Jesus Christus nie aktief deelgeneem het aan hierdie misleide wêreld se regerings nie, het Hy tog vir ons 'n voorbeeld van gehoorsaamheid aan siviele wetgewing gestel, om dié wat in 'n amp staan te respekteer. Toe die Fariseërs Jesus kom vra oor belastingbetaling, antwoord Hy: “Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom” (Mattheus 22:21).

God inspireer Paulus om te skryf: “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang” (Romeine 13:1-2). Paulus verduidelik verder: “Want daarom betaal julle ook

belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom” (verse 6-7).

Paulus sê vir ons om te bid vir diegene in gesagsposisies: “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid” (1 Timotheus 2:1-2).

Ware Christene – waaruit die Kerk (Grieks *ekklesia*, wat letterlik “uitverkorenes” beteken) – is soos buitelandse ambassadeurs. “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus” (Filippense 3:20).

'n Klompie jare gelede het ek die geleentheid gehad om op te tree as adjunk-kanselier van 'n klein kollege naby Londen, Engeland. As gevolg hiervan en ander verantwoordelikhede, het ek 'n aantal hooggeplaasde byeenkomste in Londen en aan die huis van die Amerikaanse ambassadeur aan Haar Majesteit se regering bygewoon. By twee van hierdie geleenthede het ek die Amerikaanse Ambassadeur ontmoet.

Daar word van die Amerikaanse Ambassadeur in Brittanje – of in watter land ook al – verwag om die wette van die

land waarin hy of sy woon, te gehoorsaam, om die owerhede te respekteer en eer te betoon aan wie dit toekom. Tydens die twee geleenthede wat ek Winfield Huis, die Ambassadeurswoning, besoekhet, is 'n heildronk ingestel op die Koningin. Almal het opgestaan en hul glase gelig ter ere van die innemende dame wat vandag nog die Monarg van die Britse volk is. By albei hierdie geleenthede, het beide Amerikaanse Ambassadeurs – Elliot Richardson in een geval en Walter Annenberg in die ander – deelgeneem aan die instel van die heildronk. Om hierdie soort respek vir gesaghebbendes te betoon, is 'n duidelike weerspieëling van die gesindheid wat God in almal van ons verwag, en beslis ook om al die regmatige wette van die land te gehoorsaam en om ons belasting te betaal. Indien enige totalitêre regering ooit probeer om ons te verplig om die hoër Wette van die Almagtige God regstreeks te verontagsaam, moet ons natuurlik die geïnspireerde voorbeeld van die Apostels volg wat sê: “Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense” (Handelinge 5:29). Selfs dan, indien ons besluit om in daardie land te bly, moet ons verwag om enige boete of straf wat die gesaghebbendes mag oplê, te verduur en in **geloof** na God kyk om na ons om te sien (vgl. Daniël 3).

Maar, soos Paulus skryf, ons is “**gesante** [ambassadeurs] vir Christus” (2 Korintiërs 5:20).

Ons moet in liefde en respek optree teenoor alle mense, insluitend diegene in politieke ampte. Ons moet egter altyd onthou dat ons uiteindelijke burgerskap **nie** in of van die regerings van hierdie Satan-geïnspireerde samelewing is nie! Alhoewel ons andere behoort te dien en goed te doen op 'n individuele basis, kan ons nie en mag ons nie betrokke raak by politieke pogings om Satan se misleide wêreld te herorganiseer of te reinig nie, *omdat die stelsel self nie God se stelsel is nie!* Hy laat bloot misleide mense toe om hul eie weg in te slaan en te eksperimenteer met verskeie soorte regerings gedurende hierdie laaste 6,000 jaar van die mens se wedervaringe.

Paulus skryf: “Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter

gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?” (2 Korintiërs 6:14-15). Met verwysing na die godsdienst-politieke stelsel wat die hele Westerse wêreld sal oorheers wanneer Jesus Christus terugkeer, beveel God Sy mense: “En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit haar uit**, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:4).

Wat sal Jesus doen in die volgende verkiesingsjaar in die Verenigde State of in Suid-Afrika? Hy sal só besig wees om die **goeie nuus** van die eerskomende Koninkryk van God te verkondig dat Hy geen tyd en geen belangstelling sal hê in politiekery, stemmery of deelname in enige drukgroepe wat Satan se wêreld wil reinig nie, want Hy sal weet dat

menslike pogings om hierdie wêreld te red – al bedoel hulle dikwels goed – gedoem is tot mislukking omdat hulle onder Satan se invloed en deel van sy stelsel is wat God Self “Babilon” noem (Openbaring 14:8).

Die sending en roeping van alle ware Christene is om te help om die weg te baan – as vooruitgestuurde gesante – vir die Koninkryk van God, die letterlike regering wat die lewende Jesus Christus eersdaags sal oprig. Dit sal al die misleide menslike regerings van hierdie aarde vervang. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryk van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Mag God daardie dag bespoedig! §

Jesus Christus is in beheer (Vervolg vanaf bladsy 23)

is! Diegene wat hou by Sy *regeringsvorm* en werklik Sy *Werke* doen is diegene wat beskerm gaan word gedurende die Groot Verdrukking! Dit is juis diegene met hierdie soort van **geloof** in Christus en in die

Vader aan wie die leidende poste gegee sal word in die Koninkryk van God wat binnekort deur Christus op hierdie aarde gevestig gaan word. Laat ons dus met **vreugde** voortgaan in die wete dat ons

werklik **geseënd** sal wees vir ons *opregte* vertrouwe in die lewende Christus wat sowel Sy Kerk asook vir ons as individue op die pad vorentoe sal lei. §

**Kom besoek ons gerus by ons Afrikaanse
Webblad: <http://www.wvm.co.za>**

Sal die terroriste oorwin?

Deur John H. Ogwyn

Sedert die aanvalle van 11 September 2001, sowat vier jaar gelede, is 'n wêreldwye oorlog teen terrorisme aan die gang. Dit is 'n oorlog wat op baie fronte gevoer word en daar is nog geen tekens dat dit onder beheer is of afneem nie. Die slagveld bereik elke bewoonde vasteland. Ondanks die feit dat die Verenigde State en sy bondgenote bewindveranderinge in Afghanistan en Irak afgedwing het, gaan die oorlog selfs in daardie lande steeds voort.

Berigte van ontploffings en verminkte liggeme kom van plekke so uiteenlopend soos Bali en Madrid. Selfmoordbomaanvalle in Israel is so aan die orde van die dag dat dit selde voorbladnuusdekking regverdig. Ontvoerings en terroristetaktiek het buitelandse toeriste se belangstelling in lande soos Colombië en die Filippyne ernstig gedemp. Voeg hierby die periodieke ontdekking van koeverte wat antraks bevat by poskantore, verdragings en tydelike sluitings by lughawens weens sekuriteitsvrees, dan word dit gou duidelik dat terrorisme en terroriste-dreigemente multi-miljard dollars kos.

In terme van menselewens, word die lewens van duisende burgerlikes wat bloot op die verkeerde tyd op die verkeerde

plek was, by die koste van die oorlog ingereken. Baie mense het familieledes, vriende en huise verloor. Duisende lede van die Amerikaanse Nasionale Wag se lewens is omvergewerp toe hul eenhede opgeroep en na die Midde-Ooste ontplooi is. Lede van die Nasionale Wag wat in die verlede “naweekstryders” genoem is, was oor die algemeen betrokke by opruimingswerk na orkane en oorstromings. Nou moet hulle instaan vir die tekortkomings van 'n oorbemoeide Amerikaanse Krygsmag wat 'n oorlog op verskeie fronte probeer veg. Tonele van jong mans en vaders – *en selfs jong moeders* – wat ontplooi word vir wie-weet-hoe-lank na plekke ver van Amerika se grense, het die hartsnare van miljoene mense wat dit op televisie gesien het, geroer. Nog meer treffend was die stories en foto's van honderde jong soldate, talle nog in hul tienerjare, wat in militêre doodskiste huis toe gekom het.

Benewens die ekonomiese koste wat miljarde dollar beloop, het die oorlog op terrorisme ook 'n geweldige sielkundige prys gehad. Die alledaagse en gewone plekke is die frontlinies van hierdie oorlog. Restaurante en koffiewinkels, winkelkomplekse en klein winkeltjies, treinstasies en bushaltes was

die teiken van terroriste-aanvalle wat slagoffers van alle ouderdomme gedood en vermink het, van babas op die heup tot grysaards. Die lukraakheid van die geweld het 'n ont-nugterende en verskrikkende uitwerking gehad.

Nog 'n slagoffer is party van die vryhede wat ons in die westerse wêreld lank as vanselfsprekend aanvaar het. Om gemaklik te reis en vry te wees van onderdrukkende regeringswaarneming was lank reeds as vanselfsprekend aanvaar deur burgers van die Engelsprekende wêreld. Tog, as gevolg van die oorlog op wêreldterrorisme, is daar nou kontrole en beperkings waarteen mense net 'n paar jaar gelede in opstand sou kom. Weens die vrees vir moontlike gevare, verduur mense nou beperkings wat eens beskou was as meer kenmerkend van outoritêre state.

'n Oorlog teen terrorisme word gevoer met die gebruik van die ontsaglike militêre en ekonomiese hulpbronne van die Verenigde State en hul bondgenote. Tog, ondanks al hierdie enorme uitgawes, gaan die oorlog onoorwonne voort. Hoekom? Hoe gebeur dit dat relatief min fanatici in staat is om die agenda vir die wêreld se magtigste nasies te bepaal? Wat

voorspel dit alles vir ons wêreld in die onmiddellike toekoms?

Het u geweet dat die dreigement van terrorisme **regstreeks genoem** word in die profesieë van u Bybel? Nie alleen voorspel die Bybel eeue vooruit die uitwerking van terroriste-aanvalle op ons nasies nie, dit toon ook *waarom* sulke aanvalle toegelaat sou word.

Besef u dat party van die groot geopolitiese veranderings in die jare wat kort voor ons lê, in antwoord op die uitwerking van wêreldwye terroristebedreiging sal wees? Wil u verstaan wat dit alles werklik beteken en waartoe dit eintlik aanleiding gee? Indien wel, lees verder!

Oorsprong van terrorisme

Wat het so 'n ontploffing van terrorisme op die wêreldtoneel laat opvlam? Baie van ons kan nie die gedagtegang van 'n persoon begryp wat plofstof om sy liggaam bind en kalm na 'n stampvol bushalte stap om homself en soveel ander slagoffers moontlik om die lewe te bring nie. Voor 11 September 2001 sou die idee dat terroriste vliegtuie kaap en dit in twee van die wêreld se hoogste wolkekrabbers vasvlieg, om almal aan boord en duisende daarbinne te dood – en om die geboue totaal te vernietig – soos die intrige van 'n avontuur riller klink.

Party analiste beweer dat die oorsprong van terrorisme in armoede en politiese onderdrukking lê. Soos Walter Laqueur egter in sy boek *No End*

to War; Terrorism in the 21st Century uitwys, kom daar bykans geen terrorisme in die 49 armste lande van die wêreld voor nie. Bowendien, die 20ste eeu se onderdrukkendste regerings – Hitler se Duitsland en Stalin se Rusland – was vry van terrorisme. Laqueur redeneer dat terrorisme floreer in lande wat of demokraties van aard is, of waar die regerings geheel en al ondoeltreffende diktatorskappe is. Hy beweer dat “selfmoordterrorisme” 'n werktuig is van goed-georganiseerde groepe wat terroriste oplei, leiding gee en bewapen, eerder as 'n doellose gewaarwording van wanhoop.

In 'n artikel vir *News-Max.com*, haal Wes Vernon hierdie ontleding van Paul Weyrich van die *Free Congress*-stigting aan: “Ons is nie in 'n oorlog met 'n bende terroriste gewikkel nie – dit is nie eens dat ons in 'n oorlog gewikkel is met Islam nie. Dit is eerder dat Islam in 'n oorlog met ons gewikkel is” (25 Maart 2003). Vernon haal elders in die artikel die geleerde Daniël Pipes aan wat verklaar dat in voor-moderne tye “*djihad* hoofsaaklik een ding onder Sunni Moslems beteken het, wat toe, soos ook nou die geval is, die Islamitiese meerderheid was. Dit het die wettig verpligte gemeenskaplike poging beteken om die grondgebied wat deur Moslems regeer word, te vergroot ... ten koste van grondgebied wat deur nie-Moslems regeer word”. *Djihad* se doel is aanvallend, nie verdedigend nie. Die uit-

eindlike doel is om Moslem-oorheersing wêreldwyd uit te brei.

Geskiedkundig was daar 'n botsing van beskawings tussen Islamitiese magte vanaf die suide en Europese “Christendom” vanuit die noorde. Vir meer as sewe eeue, het die Bisantynse Ryk (die oorblyfsel van die oostelike been van die Ou Romeinse Ryk) stadig teruggeval voor die aanslag van die naderende Islamitiese leërs. Konstantinopel het in 1453 geval, maar Moslemeleërs het deur die Balkan Eilande voortmarsjeer tot in die hart van Europa, totdat hulle in 1529 die hekke van Wenen beleër het.

Nadat hulle vinnig gedurende die agtste eeu deur Noord-Afrika beweeg het, het Moslems die Straat van Gibraltar oorgesteek en Spanje verower. In 732 is hulle uiteindelik deur die leërs van Charles Martel gestuit met die Slag van Tours, nadat hulle Frankryk oor die Piriniese bergreeks binnegeval het.

Moslemeleërs vorder ooswaarts en bedreig Rusland vanaf die suide. Hulle steek die Middellandse See oor, verower Rhodes en Ciprus en voer strooptogte uit tot in Sicilië – hulle bedreig selfs Italië. Moslems van Noord-Afrika voer nie net op Middellandse kUSDorpies slaafstrooptogte uit nie, maar ook so ver noord soos Ierland en Engeland, waar hulle meer as 1.5 miljoen Europeërs gedurende die 400 jaar tydperk tot die middel 1500's tot slawe maak.

Die Europese beskawing slaan ook toe teen die Moslembeskawing. Daar was, natuurlik, die historiese Kruisvaarders se pogings om beheer oor Jerusalem van die Moslems oor te neem. Vanaf die 18de en 19de eeue, het die Europese sfeer van invloed geleidelik weer na die Islamitiese wêreld uitgebrei. Hierdie botsing van beskawings het vir langer as 1,000 jaar heen en weer voortgegaan.

Die jongste herlewing van hierdie botsing dateer uit die bewind van die Egiptiese president Gamal Abdel Nasser in die 1950's. Vir jare het hy teen die Jode, die Britte en die VSA uitgevaar in passievolle tirades wat deur Radio Kaïro oor die hele Midde-Ooste uitgesaai is. In die 1970's, aangehits deur die onttronning van die *Sjah van Iran* en die magsoornname van die Moslem-geestelikes, het die voorkoms van terrorisme begin toeneem. Sedert die 1980's is daar 'n goedgefinansieërde terreurnetwerk wat wêreldwyd in omvang en invloed toegeneem het.

Waar kom die geld vir so 'n onderneming vandaan? Volgens 'n taakmag wat deur die Bush administrasie se Nasionale Veiligheidsraad gestig is, kom die geld hoofsaaklik uit Saoedi-Arabië. "Oor die afgelope 25 jaar, was dié woestynkoninkryk die grootste enkele mag wat Islamitiese fundamentalisme versprei het, terwyl sy groot ongereguleerde liefdadigheidsorganisasies honderde miljoene

dollar na djihadgroepe en al-Qaeda-selle oor die wêreld gekanaliseer het ... sedert die 1980's ... het Saoedi-Arabië se sogenaamde amptelike liefdadigheidsorganisasies die primêre bron van fondse vir die vinniggroeiende Jihad-beweging geword. In bykans 20 lande was die geld gebruik om paramilitêre opleidingskampe te befonds, wapens aan te koop en nuwe lede te werf' (*US News & World Report*, 15 Desember 2003, bl. 20). Amerikaanse amptenare erken nou dat dit party van hierdie belangrike "liefdadigheidsorganisasies" was wat gehelp het om skorriemorrie oproerbendes in 'n gesofistikeerde wêreld-beweging te omskep.

Waarheen is die oorlog teen terrorisme op pad?

Terwyl ons kyk na die verskriklike wreedaardigheid wat in vandag se wêreld plaasvind, moet ons wonder waarheen dit sal lei. Sal die VSA en Brittanje suksesvol wees en 'n stabiele demokratiese regering in Irak vestig? Sal Israel in staat wees om vrede te maak met die Palestyne en uiteindelik 'n gevoel van normaliteit geniet?

Ja, terrorisme sal uiteindelik gestuit word en daar sal teen die terroriste opgetree word, maar *menslike regerings* sal nie langtermyn oplossings meebring nie! Optrede teen die dreigemente van terrorisme met sy aanslag op lewe en eiendom, sal egter ongetwyfeld *een van die faktore* wees wat gebeurde in Europa oor die volgende paar

jaar aandryf. 'n Internasionale meningspeiling in Februarie 2004 deur die Pew Sentrum vir Navorsing onthul interessante insig in die denke van baie mense, beide in Europa en die Midde-Ooste. Meerderheids-groepe in Jordanië, Pakistan, Turkye en Marokko glo dat die oorlog teen terreur bloot 'n rookskerm is wat die Amerikaners in staat sal stel om beheer te kry oor Midde-Oosterse olie en om die wêreld te oorheers. Wat moontlik selfs meer verrassend vir die meeste mense in die Verenigde State is, is dat die meerderheid van mense in Frankryk en Duitsland *nie glo* dat president Bush se verklaarde "oorlog teen terreur" **werklik** verteenwoordigend is van 'n opregte poging om internasionale terrorisme te laat afneem nie. Nuus van die wyse waarop die Amerikaners Irakese gevangenes behandel het, het veroorsaak dat selfs baie mense in die VSA die manier waarop die oorlog hanteer word, bevraagteken.

Op die Europese vasteland is daar toenemende agterdog – en selfs weersin – teenoor die Engelssprekende nasies. Soos Andrew Kohut, direkteur van die Pew Sentrum vir Navorsing vir die Mense en die Pers waarneem: "Europeërs wil ons mag in toom hou. Daar is aansienlike ondersteuning om die Europese Unie net so magtig soos die Verenigde State van Amerika te maak". Ten minste twee derdes van die bevolking van Frankryk, Duitsland en Rusland het as't ware aan

meningspeilers gesê dat hulle glo dat dit goed sou wees as die Europese Unie net so sterk soos die Verenigde State van Amerika kon wees. Waartoe sal hierdie houdings aanleiding gee?

Soos lesers wat hierdie tydskrif al vir 'n geruime tyd lees, besef, onthul Bybelprofesie dat 'n groot magsblok wat op die Europese vasteland gesentreer is, uiteindelik die VSA en Brittanje vir wêreldleierskap sal uitdaag. Hierdie eindtydse oplewing van die ou Romeinse Ryk sal 'n suksesvlak bereik wat die twee ramspoedige pogings deur Duitsland gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu, by verre sal oortref. Gebeure in die Midde-Ooste, tesame met internasionale terrorisme, sal 'n groot deel van die katalisator wees om dit teweeg te bring.

Ons weet dit, nie net omdat die geskiedenis ons vertel van 'n botsing tussen beskawings noord en suid van die Middellandse See nie; Bybelprofesie sê ook so. Die profeet Daniël beskryf meer as 'n millennium voor die opgang van Islam 'n komende botsing tussen 'n toekomstige “koning van die noorde” en 'n “koning van die suide”. Daniël 11:40 verklaar dat 'n heerser “in die tyd van die einde”, naamlik die koning van die suide, teen sy ampsgenoot, bestempel as die koning van die noorde, sal optrek. Dit sal die koning van die noorde uitlok om 'n blitsige aanval te loods teen die Midde-Ooste en verskeie lande te beset, insluitende Egipte en Libië. Die eindtydse koning van die noorde, die

heerser van die herrese Heilige Romeinse Ryk, word in Openbaring “die Dier” genoem. Die koning van die suide beskryf 'n komende Midde-Oosterse kragman wat sal poog om 'n konfederasie van Moslemstate te smee. Sy poging om die oorhand te kry in hierdie eskalerende botsing van beskawings sal 'n volskaalse Europeesgeleide aanslag ontketen. (Vir meer gedetailleerde begrip rakende hierdie profesieë, vra asseblief ons gratis boekie, *Die Midde-Ooste in Profesie*, aan).

Terroristetaktiek is wêreldwyd 'n toenemende bedreiging vir veiligheid en voorspoed. Nie net die Jode wat in Israel leef nie, maar ook die inwoners van die Verenigde State, Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland sal vind dat hulle opmerkwaardige wyses uitgesonder word deur die terroriste. Daar sal 'n groeiende wig wees tussen hierdie volke en 'n magsblok wat op die Europese vasteland gesetel sal wees. Wanneer 'n slim en charismatiese leier in Europa op die toneel begin verskyn, sal dit te midde van 'n klimaat van toenemende onsekerheid en krisis wees. Deur te beloof om vrede, veiligheid en voorspoed te herstel, sal hy 'n gesagstaat inhuldig wat die meeste mense vandag hulself skaars kan voorstel. Terwyl hierdie gesagsbeheer die soort terrorisme sal onderdruk wat tans toeneem, sal dit gebeur ten koste van die ontketening van 'n *veldtog van staatsbefondste terreur* teen

almal wat nie hul volle samewerking aan hierdie toekomstige samesmelting van kerk en staat gee nie (Openbaring 13:12, 15-17). Vra asseblief vir ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?*, vir meer gedetailleerde inligting oor hierdie belangrike onderwerp.

Waarom word Amerika en Brittanje uitgesonder?

Hoe kan ons werklik weet dat veral die Engelsprekende wêreld die ergste deur hierdie groeiende terroriste veldtog getref sal word? *Waarom* sal so 'n verskriklike ding gebeur? Moses, wat baie eeue gelede geskryf het, rig 'n direkte waarskuwing aan die nageslag van Israel. Nadat Hy die seëninge wat gepaard gaan met getroue aanbidding van die Skepper beskryf het, teken Moses 'n reeks afgryslieke vloeke aan wat sal volg weens 'n houding van minagting en ongehoorsaamheid aan die Almagtige God.

Let op die plegtige waarskuwing van Levitikus 26:14-16: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie; en as julle my insettinge **verwerp**, en as julle siel van my verordeninge 'n **afsku het** ... dan sal Ék dit ook aan julle doen: *Ek sal verskrikking oor julle beskik*: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag”. 'n Houding van *algehele minagting* vir God en Sy Wette het in toenemende mate ons samelewing deurweek

en daardie houding sal rampspoedige straf vir ons volke tot gevolg hê.

Verskeie afvallighede, insluitend homoseksualiteit, word bestempel as verfoeilik vir die Almagtige God (vgl. Levitikus 18). Daar word aan antieke Israel gesê dat die beloofde land die vorige inwoners "uitgebraak" het as gevolg van sulke perversie (vers 28) en dat as hulle soortgelyk optree, hulle dieselfde gevolge sal dra. In die 21ste eeu in Amerika, word dit as aanvaarbaar beskou dat 'n regter uit die regbank gelig is, omdat hy weier dat die Tien Gebooue van sy hofsaal verwyder word, soos met hoofregter Roy Moore van die Alabama Hooggeregshof gebeur het. Tog, aan die ander kant, bestempel die media die landdroste as "vooruitstrewend" en "dapper", wat "huwelike" tussen homoseksuele en lesbiërs voltrek! So 'n ongelooflike agterstevoor situasie sou selfs 'n geslag gelede onbegryplik gewees het.

Eenvoudig gestel, ons volke kan nie ons Skepper en Sy bevele met minagting behandel en verwag om Sy seëninge te behou nie. Namate God Sy beskerming weerhou, sal ons sien dat ons vyande keer op keer met welslae teen ons optree. Ons Engelssprekende nasies sal uiteindelik deur 'n komende Europese Supermag onderwerp word en in nasionale gevangenskap weggevoer word, wat die "tyd van benoudheid vir Jakob" (Jeremia

30:7) genoem word. Om hierdie profesieë in meer diepte te verstaan, vra asseblief ons gratis boekie aan, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?*

Ná die slegte nuus

Toekomstige terrorisme en nasionale straf is *nie* die einde van die storie nie. Die profeet Jesaja beskryf 'n tyd ná die slegte nuus. "Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die HERE, jou Verlosser" (Jesaja 54:7-8). Terwyl God figuurlik "Sy oë verberg" vir 'n kort tydjie, voorsien Hy ons verlossing en herstel in die nadraai van nasionale bekering.

'n Baie verootmoedigde volk sal werklik *begeer* om God se weë te leer. Let op hierdie beskrywing van ons volkere nadat hulle van gevangenskap byeengebring word: "En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees. Deur geregtigheid sal jy bevestig word; wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie" (Jesaja 54:13-14). As 'n regstreekse gevolg van om ons waarlik na God te wend en die begeerte om volgens Sy wonderlike leefwyse te leef, sal daar **vrede** en **'n afwesigheid**

van terreur wees.

Die terugkerende Jesus Christus sal 'n regering vestig wat alle nasies sal insluit. Hy sal diegene wat hul bure wil terroriseer kragtig bestraf en 'n nuwe tydperk inlei wanneer seerkry en verwoesting tot 'n einde sal kom. In plek daarvan, sal die kennis van die Skepper en Sy Wette die aarde vul soos die water die seabodem oordek (Jesaja 11:9)!

In die jare tussen nou en daardie glorieryke toekomstige tyd wanneer die Koninkryk van God heerskappy oor die hele aarde sal hê, watter hoop is daar vir u en u gesin? Terwyl terreur en siekte-epidemies groot dele van die wêreld om ons heen sal verswelg, sal diegene wat werklik daarna streef om met hul Skepper te wandel, nie hoef te vrees nie! Hulle sal die woorde van die Psalmis in Psalm 91 herhaal: "Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou ... Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!" (verse 2, 5-6).

Oproerige en ongehoorsame volke sal deur die gebeure van die komende jare tot hul knieë gedwing word. Wêreldwye terrorisme sal ongetwyfeld sy rol speel in hierdie verskriklike tye. Daar is egter goeie nuus wat voorlê vir 'n gekastyde en berouvolle mensdom.

U kan nou deel hê aan daardie goeie nuus, sonder dat

Vervolg op bladsy 26

Vrae en antwoorde

V: Die apostel Paulus het geskryf: "Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde" (Romeine 3:20). Beteken dit dat Christene nie nodig het om God se wet te onderhou nie?

A: Paulus herinner ons dat selfs die waaksaamste wets-onderhouding nie 'n Christen in God se oë kan **regverdig** nie. Slegs ons aanvaarding van Jesus Christus se offer en Sy gestorte bloed, kan boet vir ons sondes en ons tot God regverdig.

Ons weet "almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (vers 23). Selfs indien ons van vandag af vir die res van ons lewens op 'n manier die Wet volmaak kon onderhou, sal ons perfekte onderhouding van die gebooië nie kan betaal vir al die sondes van die verlede nie. Ons het Christus se offer nodig.

Wat is sonde? "Sonde is immers oortreding van die wet van God" (1 Johannes 3:4, NV). Wat is die gevolge van sonde? Die Woord sê: "Want die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23). Danksy die Wet weet ons wat sonde is, maar slegs deur Christus se offer kan die straf van daardie sonde verwyder word.

Beteken dit dat ons kan *voortgaan om ongehoorsaam te wees* aan God se Wet en steeds verwag om 'n plek te hê in God

se Koninkryk? Paulus vra: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (verse 1-2). Paulus herinner eerder dat ons "ook so in 'n nuwe lewe kan wandel" (vers 4).

Jesus onderrig ons duidelik dat ons die Tien Gebooië moet onderhou (Mattheus 19:17-19). Onthou dat Jesus sê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" (Mattheus 5:17). "Vervul" – volbring – beteken **nie** om te "elimineer" of te "kanselleer" nie. Christus se volgelingen onderhou die Wet. Kan ons dit doen deur ons eie krag? Nee! Ons gehoorsaam die Wet deur onderwerping aan Jesus Christus, wie in ons leef na die doop en oplegging van hande en deur die inwoning van die Heilige Gees. Soos Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur **die geloof in** ["van" is 'n beter vertaling] **die Seun van God** wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe" (Galasiërs 2:20-21). Ware Christene "verwerp nie die genade van God" deur onderwerping aan sonde of om die Wet te probeer

hou deur hulle eie krag, afgesonder van God nie. Jesus onderrig Sy dissipels: "As julle My liefhet, bewaar my gebooië" (Johannes 14:15). Sal ons soms misluk? Ja. Wanneer ons egter misluk, sal ons voor ons Verlosser kom en ons opreg bekeer, mits ons Hom waarlik liefhet en ons aan Hom onderwerp. Bekering is nie net 'n gevoel van berou nie; dis 'n doelbewuste besluit om weg te draai van sonde en om ons geliefde Verlosser te gehoorsaam (2 Korintiërs 7:10).

Hoe weet ons dat ons ware Christene is? Die apostel Johannes verduidelik: "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooië bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooië nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Johannes 2:3-6).

Indien Christus Sy lewe in ons leef en ons in Hom, sal ons God se gebooië onderhou. Ons sal dan die Wet vervul, wat God se liefde toon: "Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet" (Romeine 13:10). "Die werke van die wet" is die **gevolg** van 'n lewe onderworpe aan Christus; dit is nie 'n **oorsaak** van ons regverdiging nie. §

Nasiebou: God se manier!

Deur Douglas S. Winnail

Kan nasies wat misluk gered word? Kan kultuurverval omgekeer word? Die Bybel bevat belangrike riglyne!

Die afgelope jare het “nasiebou” van 'n diplomaats-aangeleentheid verander in 'n saak van wêreldbelang. Miljoene mense het die pogings van Amerika, Brittanje en die Verenigde Nasies dopgehou om Bosnia, Afganistan, Irak en ander sukkelende lande te herbou. Hoewel dit skokkend is om die verwoesting en lyding te sien wat deur oorlog veroorsaak word, is dit ook ontnugterend om die gepaardgaande moeilikhede, frustrasies en intriges waar te neem in hierdie *mensgedrewe* pogings om in te gryp en nasies te herbou, waar miljoene mense misbruik en uitgebuit word.

Die 20ste eeu het herhaaldelik hierdie verskynsel van *mislukkende nasies* gade geslaan. Alte gereeld het die opgewondenheid en euforie van 'n nasie wat pas onafhanklikheid verkry het, in ontnugtering verval omdat leiers wat deur ydelheid en hebsug gedryf word (en regerings wat deur korrupsie geteister word) nasionale skatkamers besteel, nasionale hulpbronne uitbuit vir eie gewin, die ekonomie vernietig en toelaat dat die nasies se infrastrukture tot niet gaan en verval. Die gevolglike armoede en lyding gee aanleiding tot 'n magdom emigrante wat uit hierdie struikelende lande vlug,

op soek na 'n beter lewe. Hierdie golf van immigrante en asielsoekers – wat in die 21ste eeu voortduur – dreig om oor te spoel en welsynsdienste in gasheerlande te oorweldig. Dit steek weer vure van griewe aan in die gasheerlande wat voel hoe hulle eie nasies se beskawingsstruktuur verswak en begin uitrafel.

Mislukkende nasies en die kulturele verval het nasiebou vandag 'n groot *knelpunt* in die wêreld gemaak. Daar is nie 'n tekort aan kandidate wat gewillig is om hierdie uitdaging te aanvaar nie. Kommuniste, sosialiste, monargiste, diktators en demokrasieë – en selfs godsdiensteleiers – het almal probeer om hierdie probleme op te los. Nie een het egter nog daarin geslaag om die sleutel te vind vir ware suksesvolle nasiebou of hoe om mislukte nasies weer op die been te bring nie. *Alle nasies worstel vandag met hul eie ernstige probleme!*

Waar moet ons dus vir oplossings soek? Is daar 'n betroubare model wat 'n duidelike uitleg gee van hoe om standvastige en suksesvolle nasies te bou? Is daar voorskrifte om te volg en bepaalde stappe wat geneem moet word? Dit is baie mense se opvatting dat die VSA nie weet wat hulle doen nie. In hul 8-14

Maart 2003 uitgawe, het die tydskrif *The Economist* hierdie punt op kleurvolle wyse gemaak met 'n voorbladetekening wat wys hoe “*Uncle Sam*” wanhopig deur 'n stapel boeke soek na bruikbare inligting oor nasiebou.

Daar is egter oplossings en praktiese riglyne oor nasiebou in 'n bron wat sleg verstaan en deesdae selde nageslaan word. Hedendaagse beplanners soek nie in die Bybel vir antwoorde op ingewikkelde maatskaplike probleme nie, omdat hulle dit slegs as 'n godsdienstige boek met fabelagtige stories en flou idees beskou. Die Bybel bevat egter 'n *bloudruk vir nasiebou* wat God duisende jare gelede opgeteken het vir ons voordeel. Die evangelie van Jesus Christus gaan oor **regte regering** en 'n **nuwe wêreldorde**. God het hierdie inligting *met 'n doel* in die Bybel gesit, hoewel hierdie rede vir die meeste mense se visie *versteek* is. Soos ons sal sien, bevat die Bybel wesenlike perspektiewe en praktiese riglyne van hoe om werklike probleme te hanteer waarmee die gemeenskap vandag te doen het. Dit bied hoop en opwindende nuus oor die toekoms waarin u 'n rol kan speel!

'n Belofte aan Abraham

Die Bybel openbaar baie

meer as soet belofte dat “Jesus u liefhet”. 'n Groot deel van die Skrif beskryf God se handeling met die kinders van Israel – die nageslag van Abraham – en *hoe God hulle tot 'n nasie gevorm het* wat Hy Sy “eiendomsvolk” noem (Deuteronomium 26:18). Hierdie proses van nasiebou is as geskiedenis opgeteken in die Bybel. Dit is leersaam om die Bybel se weergawe te bestudeer, aangesien die Een wat die nasiebou doen niemand anders is as God Self nie! Bybel-profesieë wys dat nasiebou een van die hoofuitdagings is wat Jesus Christus en die heiliges sal moet hanteer wanneer Christus na hierdie aarde terugkeer om die Koninkryk van God te vestig. Dit is *hoekom* dit belangrik is om te verstaan wat God oor hierdie onderwerp openbaar.

Toe God met Abraham begin werk het, het Hy Sy algehele voorneme en doel geopenbaar: “*En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees [vir die hele wêreld] ... en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word*” (Genesis 12:2-3). Dit is nie die weergawe van 'n plaaslike godheid wat 'n onbelangrike stam in 'n droë en onbelangrike uithoek van die wêreld vertroos nie. Die God van die heelal was besig om 'n proses van nasiebou te begin wat *wêreldwye gevolge en blywende betekenis sou hê!*

Hierdie proses van nasiebou het in alle erns begin toe God Moses gebruik het om die Israeliete uit slawerny uit Egipte

te lei. Moses het aan die kinders van Israel vertel dat God van hulle 'n *modelnasie* wil maak wat as *voorbeeld* kan dien vir ander nasies om na te volg. (Deuteronomium 4:6). Dit is God se opregte bedoeling dat ander nasies leer hoe om te groei en uit te vind dat “dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is” (3 Johannes 2). Dit is waarom Hy Sy *metode van nasiebou* in die Bybel laat opteken het. Ons moet vra: “*Hoe het God dit gedoen? Watter stappe het Hy geneem? Watter model vir nasiebou vind ons in die Bybel?*”

Die fundamentele eerste stap

Hoewel dit vir die meeste moderne “verligte” en “wêreldlike” verstande snaaks mag lyk, begin God Sy proses van nasiebou met *godsdienste*. Die eerste stap wat Hy neem, is om die hele nasie van Israel op 'n standvastige, godsdienstige basis te plaas met die *regte godsdiensoortuigings*. Die Bybel wys dat God eers met Israel se leiers begin werk het en later die hele nasie bereik het. God het Homself eers aan Moses geopenbaar deur sy aandag te trek met 'n brandende bos (Eksodus 3). Die Skrif wys nie dat Moses 'n besonder godsdienstige man was voor sy ontmoeting met God nie. Moses was 'n Israeliet wat in die hof van die Egiptiese Farao grootgemaak is, omring deur heidense gode. Dit is waarom die *ware* God Hom aan Moses moes bekend maak (sien Eksodus 3:3-6, 13-15). God het aan Moses verduidelik dat Hy

die Israeliete uit Egiptiese gevangenskap na 'n beloofde land sal lei. Daar sou Hy Sy belofte aan Abraham nakom en sy nageslag 'n groot nasie maak (Eksodus 6:6-8).

Toe Moses met Farao begin onderhandel, het die *ware* God Homself begin openbaar deur die plaes wat oor Egipte gekom het. Aanvanklik het die plaes almal getref, maar die plaes wat later gevolg het, het net die Egiptenare getref; God het die Israeliete gespaar (sien Eksodus 8:22). Namate die plaes voortgeduur het, het dit duidelik geword dat die God van Israel *werklik* en *almagtig* is, en die heidense gode van Egipte is as magtelose en vals gode ontbloom.

Nadat die Israeliete Egipte verlaat het, het hul godsdienstige reoriëntasie begin. By die berg Sinai is hulle voorgestel aan God se Wette. Te midde van 'n skouspelagtige vertoning van weerligstrale, donderslae en rook, het God hulle die Tien Geboie gegee wat die *basiese waardes* sou vorm van die nuwe nasie (Eksodus 20). Die Israeliete is voorgestel aan God se weeklikse Sabbat (Eksodus 16; 20:8-11) sowel as die jaarlikse Heilige Dae (Eksodus 23; Levitikus 23), wat belangrike mylpale sou vorm op die jaarlikse kalender. Die burgerlike reg wat God aan die Israeliete gegee het was ontwerp om 'n verligte en humanitêre gemeenskap daar te stel (sien Eksodus 21-22). Die gesondheidswette wat in die Bybel opgeskryf staan, dateer

duisende jare voor hulle tyd (sien Levitikus 3:17; 7:23-27; Deuteronomium 23:9-14). Dit is deur God gegee om *siektes te voorkom* en *gesondheid te bevorder* in hierdie *modelnasie* (Eksodus 15:26). Die Bybel bevat ook wette oor bewaring wat gegee is lank voordat daar 'n "bewaringsbeweging" was (sien Deuteronomium 20:19-20; 22:6-7). Ernstige waarskuwings is uitgereik teen die gevare en gevolge van vals gode en om misleide godsdienspraktyke na te volg (Deuteronomium 12:29-32; 18:9-14). God se manier van nasiebou begin met die daarstel van die *regte godsdiensbasis*. Die geskiedenis het bewys dat wanneer 'n nasie se godsdiensbasis verweer of begin skeef loop, agteruitgang intree.

In teenstelling met wat baie mense vandag geleer word, is die Wette wat God aan Israel gegee het *nie 'n las nie!* Hierdie Wette was deel van die godsdiens wat God ontwerp het om Sy nasie *as 'n lig* en *'n voorbeeld* te laat uitstaan vir die res van die wêreld (sien Deuteronomium 4:1-8). Amerika en Brittanje het nie toevallig groot nasies geword nie; hul kultuur, regering en regstelsels is gebaseer op hierdie selfde Bybelse wette! Die wette en godsdiens van die Bybel is nie geheime wat van die res van die wêreld verberg is nie; hulle is tot elkeen se beskikking om te lees en na te volg. Enige nasie wat hierdie wette aanneem en die godsdienslike voorskrifte van die Bybel volg, sal positiewe resultate ervaar. God het die

godsdiens en wette van die Bybel ontwerp *om 'n groot nasie te bou* en Hy het hierdie inligting vrylik beskikbaar gestel aan enigeen om te gebruik in die proses van nasiebou.

Sleutels tot goeie regering

'n Tweede wesenlike stap in God se proses van nasiebou, is die verkiesing en opleiding van leiers om 'n goeie regering daar te stel. Geen regering is beter as die karakter van sy leiers nie. Dit is waarom die Bybel 'n duidelike lys maak van die *karakter-eienskappe* wat God soek in diegene wat Hy kies vir posisies van leierskap.

In skelle teenstelling met die moderne kriteria om politieke leiers te verkies – gewildheid, kiesersaanhang, goeie televisie teenwoordigheid, welsprekendheid en fondsinsamelingvaardighede – het God Abraham gekies omdat hy gewillig was om te luister na Sy opdragte (Genesis 12:1-4). Abraham het bewys dat hy sy huishouding sou leer om God se regverdige wet (Psalm 119:172) en geregtigheid te volg (Genesis 18:16-18). Hy het geleer om die regte prioriteite te kies en God eerste te stel (Genesis 22). God het gesien dat Abraham "na my stem geluister en my ordening, my gebooi, my insettinge en my wette onderhou het" (Genesis 26:4-5). As gevolg van sy *karakter*, beskryf die Skrif Abraham as 'n *rolmodel* en *stigtervader* van die Israelse nasie (Romeine 4:16-17).

Moses was 'n hoogs geleerde en vermoënde man.

Hy was "opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was magtig in woorde en daad" (Handelinge 7:20-22). Moses was 'n generaal in Farao se leër (sien Josephus se *Antiquities of the Jews*, Boek 2, hoofstuk 10). Die Bybel wys egter dat God verkies het om met hom te werk, nie as gevolg van sy leierskap nie, maar omdat hy *nederig* en *bereid was om te leer* (Numeri 12:3). God het Joshua, wat Moses opgevolg het, vermaan: "Wees sterk en vol moed ... om nougeset te handel volgens die hele wet" en om nie van God se bevel af te wyk nie "sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan" (Josua 1:6-9). God het Dawid as Israel se koning gekies omdat hy 'n diep begeerte gehad het om God se wette te volg (Psalm 119:18, 27, 97, 105, 127). Hierdie was belangrike karaktereienskappe waarna God gesoek het in die leiers wat Hy gebruik het om Sy groot nasie te bou.

God het vir Moses gesê om sy regering te beman met "bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat" (Eksodus 18:21). God het aangedui dat *Hy* die koning sou kies, dat vreemdelinge nie die nasie van Israel moes lei nie en dat 'n leier nie sy posisie moet gebruik om homself te verryk nie (Deuteronomium 17:14-20). Leiers moes 'n persoonlike afskrif van God se wet maak en dit daagliks bestudeer, sodat hul nasie voorspoedig kon wees. Die Bybel verduidelik dat goddelike leiers 'n goeie

reputasie moet hê, bekend moet wees vir hul wysheid en dat die vrugte van die Heilige Gees sigbaar moet wees in hulle lewens (sien Handeling 6:3; Galasiërs 5:22-23). Dit is interessant om daarop te let dat in God se proses van nasiebou, leiers *aangestel* word op grond van hul vermoë, karakter en gewilligheid om God se wette te volg; hulle is nie deur die mense gekies weens gewildheid nie (sien Eksodus 18:21; Deuteronomium 1:15; Handeling 6:3; Titus 1:5).

God het in Sy modelnasie 'n regering daargestel wat gebou en georganiseer is volgens vlakke van verantwoordelikheid (sien Eksodus 18:21-26; Deuteronomium 1:15). Leiers is aangestel oor hele stamme, oor groepe van duisende, honderde, vyftigs en tiene. Die ekonomiese grondslag van God se regering was die Bybelsisteam van tiendeheffing (Deuteronomium 14:22-29). 'n Persoon wat 'n inkomste verdien, moes jaarliks 10% daarvan aan die Kerk gee en tien persent hou om die Heilige Dae mee te vier. 'n Bykomende 10% moes elke derde- en sesde jaar in 'n sewejaar siklus aan die armes gegee word. Elke vyftigste jaar was 'n jubeljaar wanneer grond aan die oorspronklike eienaars teruggegee moes word en skuld gekanselleer word (Levitikus 25:8-17). Dit was 'n eenvoudige en billike stelsel. Solank die Israeliete God se opdragte vir goeie regering gevolg het, het dit voorspoedig met die nasie gegaan. Wanneer hulle daardie

wette geignoreer het, het hulle probleme ondervind (sien Spreuke 29:2). Jesus het dit benadruk dat die leiers die behoeftes van hul mense moet dien – nie hul eie begeertes nie (Mattheus 20:25-28).

Regte opvoeding

'n Derde groot stap in God se proses van nasiebou, is om die regte grondslag en fokus vir opvoeding daar te stel. 'n Nasiese opvoedkundige stelsel vorm en skaaf sy burgers se idees en perspektiewe. As die opvoedkundige stelsel nie op 'n stewige grondslag van waarhede en waardes gebou is nie, sal die nasie uiteindelik verswak en verbrokkel. Gedurende die afgelope eeu het ons nasies gesien wat probeer leef het volgens die verkeerde aannames en vals waardes van kommunisme en fascisme en die vernietigende gevolge daarvan. Ons wêreldse, materialistiese en amorele samelewings – wat selfs “Christelikheid wil verwyder” uit godsdiensoonderrig in skole terwyl dit “ateïsme, agnostisisme, humanisme en die heidendom net soveel klastyd gee” (*Sunday Express*, 15 Februarie 2004) – is in dieselfde doodloopstraat! Dit is 'n hooforsaak vir die kulturele agteruitgang van die Westerse nasies.

Die Bybelse model vir opvoeding staan in skrilte kontras met moderne metodes. Moses het herhaaldelik die *ouers se rol* beklemtoon in die opvoeding van kinders

(Deuteronomium 4:9; 6:1-8; 11:18-21). Die Bybelse model wys dat die noodsaaklikste kennis om aan die volgende geslag oor te dra, God se wette is – nie kleuterrympies of vrye kunste nie. Daar het natuurlik skole in antieke Israel bestaan, soos vandag die geval is en die Bybel openbaar dat die leerplan op God se Woord gebaseer moet wees. Salomo skryf dat “die vrees van die HERE is die beginsel [beginpunt] van die kennis; sotte verag wysheid en tug” (Spreuke 1:7; 9:10). Die regte benadering tot amper elke studieveld word in die Bybel gevind – nie in die Griekse of Romeinse filosofiese idees nie. Nasies wat hierdie Bybelse raad ignoreer, sal die tragiese gevolge pluk.

God wys dat dit die *regte doelwitte* van opvoeding is om te groei in wysheid (Spreuke 4:7), om bruikbare kennis op te doen om ander te dien (Mattheus 20:26-28) en om die denke en karakter van God te ontwikkel (Filippense 2:5-11). Vir die meeste hedendaagse mense is die grootste motivering vir opvoeding, om meer geld te verdien ten einde meer goed te kan koop, of om 'n mens se aansien te verhoog of persoonlike belange te bevredig. God se opvoedkundige stelsel is gebaseer op *geopenbaarde waarheid*, nie op die veranderbare teorieë van opvoeders nie. Jesus sê: “U woord is die waarheid” (Johannes 17:17). Dawid skryf: “U wet is waarheid ... al u geboorte is waarheid ... die hele

inhoud van u woord is waarheid" (Psalm 119:142, 151, 160). 'n Opvoedkundige stelsel wat op die vaste grondslag van waarheid gebou is, sal 'n groot nasie tot gevolg hê, vry van vals en misleidende idees wat gevaarlike en ongewenste gevolge meebring (Johannes 8:32). Dit is waarom dit belangrik is om die waarheid noukeurig te ondersoek en te bewys wat werklik waar is (1 Thesalonicense 5:21).

As mens hierdie Bybelse instruksies oorweeg, is dit nie verbasend dat moderne opvoedkundige stelsels wanfunksionerende gemeenskappe tot gevolg het waar misdad, geweld, hebsug, oneerlikheid, dwelmmisbruik, egskeidings, seksueel oordraagbare siektes, sielsiekte en selfmoord die hoogte ingeskiet het tot onrusbarende vlakke nie.

Enorme hoeveelhede geld word bestee om studente 'n opvoeding te gee wat gegrond is op Griekse- en Romeinse filosofieë, die evolusie-teorie en wêreldlike humanisme wat God en Bybelse waardes verwerp. Wat is die gevolg? Toetspunte het gedaal en baie gegradueerdes kan skaars lees of eenvoudige rekenkundige probleme oplos. Baie het geen sin of doel in die lewe nie. Terwyl studente 'n paar geskiedkundige datums mag leer, het hulle nie 'n idee oor die lesse van die geskiedenis nie. Nasies wat nie hul eie geskiedenis en die groot lesse van die geskiedenis ken nie, se voorland is die "vullis-

hoop" van die geskiedenis!

'n Uitdagende toekoms

Vir miljoene mense regoor die wêreld is die hedendaagse lewe moeilik en 'n wanhopige worsteling. Skrander individue besef dat die nasies van die wêreld 'n onheilspellende toekoms in die gesig staar. Robert Cooper, een van Europa se mees gerespekteerde geleerde diplomate, waarsku dat "die een-en-twintigste eeu slegter mag wees" as enige vorige tyd in die geskiedenis, omdat "die nuwe eeu die gevaar loop om getref te word deur beide anargie en tegnologie ... Westerse regerings verloor beheer ... oor die metodes van geweld [staar terrorisme en wapens van massavernietiging in die gesig]. Beskawing en orde berus op die beheer van geweld: as dit onbeheerbaar word "sal daar geen orde en geen beskawing wees nie" (*The Breaking of Nations*, inleiding). Cooper sien die moderne wêreld steierend op die rand van 'n "afgrond wat na chaos lei". Hy spreek nogtans die hoop uit wat deur baie mense gedeel word, dat die wetenskap en die mens se vindingrykheid ons sal red van die "storm wat ons bedreig" (*ibid.*).

Die meeste mense verkies vandag om hierdie opdoemende probleme te ignoreer. Party belydende Christene glo dat hul probleme "opgelos" sal word wanneer hulle gered gaan word van toekomstige rampe, deurdat hulle "weggeraap" gaan word

hemel toe. Bybelse profesieë openbaar egter 'n baie ander werklikheid.

Die Skrif stel dit duidelik dat wêreldprobleme **erger** gaan word en nie beter nie (sien Mattheus 24:3-8). Menslike pogings om nasies te herbou en wêreldgebeure te beheer, sal uiteindelik misluk. God sal moet ingryp om menslike uitwissing en wêreldmoord te voorkom (Mattheus 24:21, 22, 30). Jesus Christus sal na hierdie wêreld terugkeer om die Koninkryk van God te vestig. Hy sal Sy groot mag aanneem oor alle nasies (Openbaring 11:17-18), en sal gesagsposisies deleger aan gekwalifiseerde heiliges (Daniël 7:27) wat op hierdie aarde sal heers as konings en priesters – as maatskaplike en godsdienstige leiers (Openbaring 1:6; 5:10). *Hierdie gebeurtenis sal die kritieke draaipunt vir die gekwelde nasies van die wêreld wees!*

Jesus Christus en die heiliges sal 'n wêreldwye program van nasiebou begin. Hulle sal God se regering daarstel, en dit sal lei tot "die wederoprigting van alle dinge" (Handelinge 3:19-21). Die wanorde, verwarring, lyding en misleiding wat veroorsaak is deur mislukte nasies en misleide menslike redenasies, sal tot 'n einde kom namate nasies hersaamgestel en geheroriënteer word volgens 'n Bybelse grondslag van *regte godsdiens* (Sagaria 14), *regte regering* (Jesaja 9:6-7) en *regte opvoeding* (Jesaja 30:20-21).

Vervolg op bladsy 26

Toekomstige hongersnood: Die derde ruiter

Deur Douglas S. Winnail

Waarskuwings van droogtes mag *vergesog klink* vir welvarende oorvoede nasies in Wes-Europa, Noord Amerika en ander dele van die wêreld waar oorgewig 'n toenemende probleem is! Groot dele van die mensdom beleef egter *daaglik* voedseltekorte en hongersnood as 'n sielpynigende deel van die lewe. Baie geloofsleiers praat verstommend genoeg van liefde, vrede en verdraagsaamheid, tog *ignoreer* hulle antieke profesieë oor *letterlike gebeure wat vandag bewaarheid word*.

Jesus het gewaarsku dat een van die *prominente tekens* wat Sy Wederkoms sal voorafgaan, *eskalerende hongersnood op 'n wêreldskaal* sal wees (Mattheus 24:3-8; Markus 13:8; Lukas 21:11). Hy het die simbool van die Derde Ruiters van die Apokalips gebruik – 'n ruiters op 'n swart perd wat 'n skaal dra – om 'n tydperk van hongersnood uit te beeld wat kenmerkend sal wees van die eindtyd (Openbaring 6:5-8). Hierdie profesieë onthul die feit dat oorloë, wydverspreide hongersnood, siekte-epidemies en 'n rits natuurrampe die dood van 'n kwart van die aarde se bewoners sal meebring voor Christus se Wederkoms.

Op hedendaagse ore val dit soos morbiede fiksie of klink dit na die bangmaak-taktiek van 'n

doempfeet. Hierdie is 'n onderwerp wat gewilde “goed voel Christene” nie graag oorpraat nie. Werklike wêreldtoestande toon egter dat die wêreld begin verander in iets wat die Bybel lank reeds voorspel het. Volgens die wêreldgesondheidsorganisasie is *een derde van die wêreld se bevolking verhonger* en nog 'n derde lei aan wanvoeding. Slegs een derde word as voldoende gevoed beskou. Miljoene mense sterf jaarliks weens hongersnood – insluitend 100 miljoen kinders net gedurende die 1990's. Elke minuut sterf 23 kinders weens *ondervoeding* en voorkombare siektes. Droogtes wat hongersnood veroorsaak, bedreig die lewens van 15 miljoen mense in die horing van Afrika (Etiopië en Eritrië) en in Mauritamië (in Noordwes-Afrika). In die nasies van suidelike Afrika sukkel 14 miljoen mense om genoeg kos in die hande te kry. Hierdie is die realiteite van vandag se lewe!

Die meeste van die wêreld se *huidige* lyding wat veroorsaak word deur hongersnood, raak ontwikkelende lande in Afrika en Suidoos-Asië, maar Bybelprofesie toon dat *'n soortgelyke situasie ook sal posvat* in die meer gegoede Westerse lande. God het die rebelse huis van Israel lank gelede meegedeel: “'n Derde deel van jou sal aan die

pes sterwe en deur hongersnood in jou omkom; en 'n derde deel sal deur die swaard [oorlog] rondom jou val; en 'n derde deel sal Ek na al die windstreke verstrooi” (Esegiël 5:12). Die gebrek aan reën en die gevolglike droogte sal 'n groot bydraende rol speel in hierdie benarde situasie (Levitikus 26:19-20; Deuteronomium 28:23-24).

'n Gebrek aan reën en wydverspreide droogte is *nie die enigste oorsake* van hedendaagse hongersnood nie. Gure of onvoorspelbare weer as gevolg van klimaatskommelings soos El Niño of La Niña, kan swaar neerslae storteën, ryp en tornado's tot gevolg hê wat oeste beskadig en voedseltekorte kan meebring. Oorloë wat boere van hul grond af dwing, verminder voedselproduksie, onderbreek verspreidingsisteme en vernietig opgegaarde voedsel. Politieke teenstanders word dikwels toegang tot voedselbronne geweier. In party Afrika-lande het die onteiening van plase die voedselproduksie lamgelê en werksgeleenthede en inkomste om voedsel mee te koop, uitgewis. Struktuurveranderinge wat op skuldende nasies afgedwing word deur die Wêreldbank of die Internasionale Monetêre Fonds, veroorsaak ook hongersnoodtoestande in dele van die

samelewing. Nasies wat "aangemoedig word" om kontantgewasse te verbou vir die uitvoermark in plaas daarvan om voedsel te verbou, is dikwels nie in staat om hulself te voed nie. Die ontworteling van landelike bestaansboere deur groot korporasies dompel ook baie mense in armoede en hongersnood.

Die koste van omgewings-agteruitgang- en vernietiging sal uiteindelik betaal moet word, en die rekening is nou betaalbaar! Visbronne in die wêreld se oseane is besig om skerp af te neem, verwoes deur moderne fabrieksvisvangtegnieke. Plae soos malkoeisiekte het Brittanje se vleisnywerheid ernstig geknou en bedreig ook ander lande.

Dwaas regeringsbeleide wat vererger word deur droogte, het in die verlede verwoestende hongersnood veroorsaak en duur vandag steeds voort. Die Britse, Nederlandse en Franse koloniale beleid het bygedra tot die dood van miljoene mense in Ierland, Afrika en Suid Asië. (Sien *Floods, Famines, and Emperors*, Fagan; en ook *Late Victorian Holocausts*, Davis). Gedurende die 1920's en 1930's het meer as 12 miljoen mense weens hongersnood gesterf tydens Rusland se rampspoedige eksperimente met versameling en gesentraliseerde beplanning – wat die opsetlike weerhouding van voedsel deur Stalin na die Okraïne ingesluit het om politieke teenstanders te elimineer (sien *Russia under the*

Bolshevik Rbgime, Pipes; asook *The Harvest of Sorrow, Conquest*). 'n Geraamde 30 miljoen mense het in die laat 1950's aan hongersnood omgekom gedurende China se "Groot Sprong Vooruit", weens dieselfde redes. Vandag streef die Europese Unie na sentrale beheer oor Europa se voedselvoorraad – landbou, visserye, voedselverwerking en -verspreiding – 'n beleid wat *ontnugterende* nagevolge kan hê.

Toe God die Israeliete uit Egipte gebring het, het Moses geprofeteer dat indien hulle die Wette van God gehoorsaam, hulle geseën sou word en "reëns [sou ontvang] op die regte tyd" en goeie oeste sou hê, maar sou hulle Sy Wette ignoreer "sal julle trotse mag verbreek" word deur "julle hemel ... soos yster en julle aarde soos koper" te maak sodat "julle land ... sy opbrings nie gee nie" en siekte epidemies sou hulle kuddes teister (Levitikus 26:14-22). God het ook gewaarsku: "Julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet" en dat God "vir julle die staf van die brood verbreek" as gevolg van *ongehoorsaamheid* (Levitikus 26:16, 26). God het later die Israeliete gewaarsku dat, bo en behalwe skade aan oeste deur droogte en insekte, hulle "altyddeur net verdruk en beroof [sal] wees" en hul kuddes "word voor jou weggeroof" en "word aan jou vyande gegee ... die vrugte van jou land en al jou werk sal 'n volk eet wat jy nie ken

nie ... en jy sal *kranksinnig* wees vanweë die gesig van jou oë wat jy sal sien" (Deuteronomium 28:23-42).

Wat God gesê het, is *tans* aan die gebeur in Brittanje asook met ander hedendaagse afstammelinge van Israel in Europa en Afrika. In die 1970's het Brittanje se politieke leiers beheer oor een van die rykste visvanggebiede in die wêreld, reg aan hulle kus, afgeteken ten einde lid te word van die Gemene Mark. Die afgelope jare het die Britte hulpeloos toegekyk hoe EU regulasies die vissersvloot van Skotland, Engeland en Ierland vernietig terwyl die vlote van ander nasies in die EU die eens volop visvoorraad plunder. Produktiewe plase in lande in Suider-Afrika is met geweld onteien van boere wat óf vermoor is óf landuit gevlug het. Sou Brittanje en ander moderne Israelitiese nasies weier om aan te sluit of besluit om te onttrek aan die opkomende magsblok in Europa, kan huidige regulasies gebruik word om hierdie nasies te *wurg* en in *hongersnood* te dompel. Die beheerstelsels is in plek en die geskiedenis toon dat dit al van tevore gedoen is, wat herinner aan Esegïel se profetiese waarskuwing: "As Ek die verderflike pyle van hongersnood teen hulle uitstuur ... en julle staf van die brood sal Ek verbreek" (Esegïel 5:14-17). God het sy rebelse kinders gewaarsku: "Ek sal onheile op hulle ophoop ... as hulle *uitgeput is van honger*" (Deuteronomium 32:23-24).

Jesus Christus is in beheer

Deur Roderick C. Meredith

Ons het onlangs 'n wonderlike en vrugbare raad van ouderlinge vergadering hier in Charlotte gehad. Hierdie toegewyde manne uit verskillende dele van die land en die wêreld het vir vier dae saamgetrek en vergader. Ons het mekaar se geselskap besonder geniet en het almal gevoel dat ons waarlik Christus se leierskap ervaar in die eensgesindheid en harmonie wat geheers het tydens die besprekings.

Soos u weet is die gevoelens van tienduisende van God se mense seergemaak en is hulle ontmoedig deur die geestelike terneergedruktheid wat ontstaan het gedurende die verskriklike afvalligheid na die afsterwe van mnr. Herbert W. Armstrong. Mense was *totaal verward* oor die regte vorm van Kerkregering. Hulle het gevoel dat God Sy Kerk “versaak” en toelaat dat lelike dinge gebeur. Hierdie mense het Jesus Christus, as die ware Hoof van Sy Kerk, uit die oog verloor! Hulle het ook afgewyk van talle basiese waarhede wat die Kerk van God vir eeue onderhou het, insluitend die onderhouding van die Bybelse Sabbat en Heilige Dae en die vooruitsig van Christus se letterlike heerskappy op aarde. Die mense is ook op 'n slinkse manier aangehits teen hierdie

fundamentele waarheid – die hiërgiesse vorm van Kerkregering – wat deur mnr. Armstrong heringestel is in die Kerk. Hierdie broeders het gevoel dat God Sy Kerk “versaak” het gedurende die afvalligheid toe die leierskap van ons vorige genootskap heeltemal afvallig geword het van Godse waarheid.

Dikwels het verwarde leraars strikfrases gebruik soos “eenman-regering” om mense te disoriënteer en hulle teen God se eie regeringsvorm aan te hits alhoewel dit konsekwent regdeur die Bybel beskryf word! Hulle gee voor dat die foute van die menslike leierskap, na mnr. Armstrong se dood, hulle die verskoning gegee het om *heeltemal weg te beweeg* van God se onderwysing oor Kerkregering.

Dit is belangrik om te besef dat selfs die orde in 'n *gesin* geskoei is op hierdie hiërgiesse beginsel van God se regering, want ons lees: “Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam” (Ef. 5:22-23). Dit is duidelik dat *hierdie selfde regeringsvorm* in die Wêreld van Môre van krag sal wees. So sal Christus self die Koning van konings wees (Op.

19:16) met koning Dawid volgende in gelid om oor Israel te regeer. Hy sal **nie** verkies word nie, maar sal eerder direk deur Christus aangestel word. “En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawid; hy sal hulle laat wei, en hy sal vir hulle 'n herder wees. (Eseg. 34:23). Dit word weer herhaal in Eseg. 37:24: “En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel”. Dan, volgens u Bybel, volg die twaalf Apostels, deur Christus aangestel, om oor die individuele stamme van Israel te regeer onder die koningskap van Dawid. “En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel” (Luk. 22:29-30).

In Sy vroeëre omgang met die mensdom, sê God duidelik dat Sy benadering nie verander nie: “Want Ek, die HERE, ... verander nie” (Mal. 3:6). Ons vind dat die eerskomende Koning van konings dieselfde beginsel gaan handhaaf: “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid” (Heb. 13:8). Dus, **hoekom** sal enige bekeerde Christen dink dat Christus wil hê

dat ons **vandag** 'n *heeltemal ander tipe van Kerkregering* moet toepas? Hoekom sal 'n bekeerde Christen nou tot 'n kerkregering stelsel instem wat gelei word deur alle soorte van komitees, waar stemmery, ook met geslote stembriefies, gereeld beoefen word? Individue wat daarby betrokke is vertrou nie werklik op Christus om Sy Kerk te lei op die wyse waarop Hy antieke Israel en die apostoliese Kerk gelei het nie – iets wat Hy weer in die Wêreld van Môre *gaan doen*. God het vir dekades deur middel van Sy dienskneg, mnr. Armstrong, die vorm van regering verkondig wat in die Wêreld van Môre onderrig en beoefen sal word. Ongelukkig het talle groepe van die Kerk van God hierdie leerstelling in *totaliteit versaak!* Laat my toe om te sê, met groot liefde en besorgdheid, dat dit uiters noodsaaklik is dat al God se mense luister en ontwaak uit hierdie onkunde en begin om die presiese vorm van regering toe te pas as wat hulle veronderstel is om binne 'n paar jaar, in die eerste opstanding sal moet verkondig! Ons vertrou dat almal sal wakker skrik en gereed sal wees vir 'n baie groter beloning en geleentheid om te dien in Christus se regering as wat andersins die geval sou wees.

Baie van u het die hartlikheid en eenheid van almal in Hoofkantoor ervaar en so ook in feitlik al ons plaaslike gemeentes. Lesers, u is bewus van die ontspanne geloof wat ons kan hê deur op *Christus* te vertrou om Sy kerk met Sy vorm

van regering te lei – eerder as om te argumenteer, hare te kloof, te debatteer en te stem op 'n manier wat nooit in apostoliese tye die praktyk was nie. Ons in die Lewende Kerk van God moet glo aan dit wat duidelik in die Bybel oor hierdie onderwerp uitgespel word en dit toepas!

Ons moet sekerlik leer om te *verbeter in ons benadering* oor hoe om uitvoering te gee aan God se regeringstelsel – net soos ons ook moet groei in elke ander opsig van die Christelike lewe! Met ons **geloof** dat Christus werklik in *beheer* is, is ons meer toegerus om waarlik met Hom te wandel, om Sy *weë* in ons individuele Christenlewens te volg en natuurlik in die Kerk as 'n geheel. In Efesiërs 1:19-23 beskryf die apostel Paulus die *almag* van God “die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as **Hoof** bo **alle dinge aan die gemeente** gegee, *wat sy liggaam is*, die volheid van Hom wat alles in almal vervul”. Christus is definitief die “*Hoof*” bo “*alle dinge*” vir die ware Kerk van God! As Hy 'n groter **werklikheid** vir ons word, kan ons op Hom vertrou om *elke*

enkele aktiwiteit in die Kerk van God te bestuur asook ons individuele lewens.

Die apostel Paulus gaan voort met hierdie tema in Kolossense 1:18: “En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees”. Verder sê Jesus Christus aan die dissipels: “Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. Julle het My nie uitverkies nie, maar *Ek het julle uitverkies en julle aangestel* om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee” (Joh. 15:15-16). Christus was “in beheer”. Vandag is Hy nog steeds in beheer en lei Hy Sy Kerk! Hy het duidelik opdrag gegee: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, *Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld*. Amen” (Matt. 28:19-20). Jesus sal met diegene wees wat “*alles onderhou*” wat Hy beveel het – en dit sluit sekerlik die *vorm* van Kerkregering in wat regdeur die Nuwe Testament beskryf word!

Na Sy opstanding uit die dood gaan die lewende Jesus Christus voort om Sy Kerk te lei:

“Nadat die Here dan met hulle gesprek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het **saamgewerk** en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen” (Mark. 16:19-20). Ja, Christus het Sy leraars en Sy Kerk daadwerklik in die regte rigting *gelei*.

Ons vind hierdie selfde patroon in Handeling, waar Christus 'n spesifieke rol gespeel het in Paulus se werksaamhede. “En Paulus het 'n gesig in die nag gesien – daar staan 'n Macedóniër wat hom smee en sê: Kom oor na Macedónië en help ons! En toe hy die gesig gesien het, het ons dadelik probeer om na Macedónië te gaan, omdat ons versekerd was dat die **Here** ons geroep het om die evangelie aan hulle te verkondig” (Hand. 16:9-10). By 'n latere geleentheid weer lei en bemoedig die lewende Christus direk vir Paulus in 'n kragtige visioen gedurende sy verblyf in Korinte: “En die Here het deur 'n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad” (Hand. 18:9-10). Regdeur die Nuwe Testament is baie sulke voorbeelde waar Christus die Kerk, wat Sy liggaam is, *direk lei* – die einste instrument wat Hy gebruik om die Evangelie te

verkondig en om Sy getroue dienaars voor te berei as konings en priesters in Sy regering in die Wêreld van Môre. As mens dit alles in oënskou neem, dan is dit duidelik dat dit nie net 'n geval van “voorkeur” is nie – dit is *uiters belangrik* dat ons nou reeds moet aanleer om op Christus te vertrou om vir ons die weg aan te wys en te lei om Sy *ware vorm* van regering te bemeester sodat ons voorbereid sal wees om op *dieselfde manier* die leiding te neem in die eerskomende Koninkryk van God!

Ons lees in 1 Korintiërs 6:1-6 van 'n basiese voorbeeld hieroor. Onthou ook Paulus se mededeling in vers 2: “Weet julle nie dat die *heiliges die wêreld sal oordeel* nie? En as die wêreld deur julle **geoordeel** word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?” Voorts: “Weet julle nie dat ons engele sal **oordeel** nie, hoeveel te meer die *alledaagse dinge*?” (vers 3). Paulus sê dan hoe hierdie vorm van regering *in die ware Kerk* toegepas moet word: “Ek sê dit tot julle beskaming. Is daar dan nie eens **een** wyse onder julle, wat **uitspraak** sal kan doen tussen sy broeders nie?” (vers 5). Hierdie saak om *totale vertrou in Christus te hê* om ons individuele lewens te lei asook om Sy Kerk te **lei** deur Sy duidelik geopenbaarde vorm van regering, is voor die hand liggend 'n *lewensbelangrike* leerstelling en 'n **noodsaaklike** lewenswyse om deur ons gevolg te word. Met al die haarklowery,

snedige opmerkings en argumente teen God se vorm van regering voel ek dat dit nodig is dat ons hierdie basiese skrifture af en toe nagaan sodat ons **die volle waarheid** kan begryp! Ons moet **nooit** beskaamd staan omdat ons nie 'n vorm van “demokrasie” het soos die wêreld nie. Eerder moet ons in die ware Kerk besef dat – in teenstelling met die verwagting van die meeste mense – demokrasie **nie** die wêreld se probleme gaan oplos nie! In der waarheid sal ons moontlik oor die volgende paar jaar steeds meer probleme ondervind as gevolg van demokrasie! Al hoe meer nasies gaan geleidelik *wegbeweeg* van demokrasie en 'n hierargiese vorm van regering aanneem – die waarheid is egter dat **sonder** Christus in beheer is **enige** vorm van menslike regering vêr van volmaak.

Ons in die Lewende Kerk van God moet onself as “baanbrekers” sien – dit is mense met 'n opregte **geloof** dat Christus 'n *bestaande werklikheid* is, dat Hy *alwys* is en dat Hy werklik aktief **in beheer** van Sy Kerk is. Namate ons individueel en gesamentlik aangewese is op Christus en leer om in die volheid van die geloof met God te wandel, berei ons onself voor om Sy vorm van regering in die Wêreld van Môre in te stel en om die mensdom Sy weë te leer. Namate elke jaar verbygaan sal ons sien dat die vrugte van Sy regering ongetwyfeld die beste

Vervolg op bladsy 7

Wag op God

Deur Roderick C. Meredith

Noudat ons personeel gevestig geraak het in Charlotte, Noord Carolina, vind ek myself baie ongeduldig om dinge aan die gang te kry. Ek hoop en bid om hierdie Werk vinniger en vinniger te sien groei sodat ons 'n ware impak op hierdie sondesiek wêreld kan hê. Ek weet – en ek is seker u weet ook – dat hierdie verwarde wêreld 'n desperate behoefte het aan dit wat ons het om te bied.

Ons hele hoofkantoor personeel werk baie hard. Ons veldpredikers is waarlik “uitgerek” om by te hou met die groot aantal gemeentes waarvoor elkeen van hulle moet waak. Meeste van u lede – en getroue medewerkers ook – bid, gee, dien en doen ook u uiterste bes om te help om die boodskap van Christus meer kragtig bekend te maak. *Dankie* vir u ondersteuning en konstante getrouheid!

Hoekom groei ons nie selfs vinniger nie?

Eerstens behoort ons *baie dankbaar* te wees vir die soliede groei wat ons alreeds ondervind – selfs in 'n tyd van resessie en een van die hoogste werkloosheidsyfers in die laaste jare! Ten spyte van dit alles, groei die Werk se inkomste met 'n koers van amper 8 persent vanjaar. Dit is *veel beter* as die meeste van godsdienstige organisasies. Meeste kommersiële besighede sou verheug gewees het met

hierdie soort groei in resessiewe omstandighede. Soos ons onlangs aangekondig het, het ons so pas begin om die *Tomorrow's World*-program op drie addisionele televisie stasies die lug te laat sien in Amerika. Meer groei is dus sekerlik op pad, maar werklike **groot** groei is nog nie besig om plaas te vind nie.

Soos wat ek hieroor gedink en gebid het in die laaste maande, het ek tot 'n besef gekom dat verskeie faktore betrokke mag wees. Eerstens, soos bo genoem, is ons alreeds geseën met 'n billike hoeveelheid groei en inkomste in die Werk, die televisie terugvoering en in baie ander opsigte. Tweedens, ons moet nie “eksplosiewe” groei verwag nie, aangesien ons die “oorblyfsel” van die Filadelfia Kerk is wat *oorleef* in die Laodicéa tydperk. Deur uitdruklik die “oop deur” vir die Filadelfia tydperk te beskryf, het Christus gewys dat dit die Kerktydperk sal wees met die *meeste* “oop deure” en die meeste groei. Nogtans het Christus steeds vir ons, as die Filadelfia oorblyfsel, goeie groei gegee in die Laodicéa tydperk. Ons is baie dankbaar hiervoor.

Soos die jare verby gaan, geliefde broeders, is dit baie belangrik dat ons almal meer en meer groei in geestelike begrip. Ons moet die “verstand van

Christus” hê, want vanuit Christus se oogpunt gesien, is “een dag by die Here soos duisend jaar ... en *duisend jaar soos een dag*” (2 Petrus 3:8). Alhoewel ons dus baie redes het om te voel dat Christus *binne hierdie generasie* sal terugkeer, moet ons nie definitiewe datums stel en dan ontmoedig word as Christus nie volgens *ons tydtafel* handel nie!

God sê aan ons: “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:8-9). Die Ewige God werk volgens Sy plan en Sy voorneme op 'n wyse wat ons nie ten volle verstaan nie. In Sy oneindige wysheid en genade, mag Hy verlang om ons geliefde mense 15 tot 25 jaar meer te gee om die *wêreldse* lewenswyse te beproef en onder hierdie onheil te ly voordat Hy ingryp en die Groot Verdrukking meebring. Daarna sal hulle nie in staat wees om die volgende te sê nie: “Ons was gelukkig en voorspoedig en alles het goed gegaan totdat God ingegryp en ons gestraf het!”

Aan die ander kant mag God dalk al genoeg gehad het van ons geweld, wellus, seksuele verdorwenheid, pornografie, dronkenskap, dwelmmisbruik, aborsies en ander walglike

praktyke. Hy mag besluit om *kragtig in te gryp* en die Britse nakomelinge en Amerika se mense te kasty binne die volgende vyf tot sewe jaar! Sou ons waarlik *geduldig* en nederig na Sy wil soek, sal God ons meer duidelik *Sy tydtafel* wys soos wat wêreldgebeure ontwikkel.

Ons sal steeds *ver voor* die wêreld wees deur te verstaan wat in die toekoms gaan gebeur! Ons verstaan dus die “Geheelbeeld” op 'n manier wat die wêreld nie kan nie. Profesie is verseker besig om vorentoe te beweeg volgens daardie scenario. Aangesien elke jaar soos 'n lang tyd voel vir sommige van ons wat God alreeds vir dekades verwag, kan ons “ongeduldig” word en wil hê dat God Jesus Christus binnekort moet terugstuur aarde toe. God verstaan dit verseker – selfs die apostel Paulus het klaarblyklik gevoel en gehoop dat Christus sou terugkeer *gedurende sy leeftyd*.

Aan die ander kant moet ons nogtans **nie** “moeg word om goed te doen nie” (Galasiërs 6:9) en ons *ywer* verloor om te oorkom en om die Werk van God te doen nie. Deur die eeue moes God se mense *telkemale* in vertwyfeling geraak het soos wat hulle gewag het op God om in te gryp in verskriklike omstandighede, of soos hulle gewag het op Christus se terugkeer. God het *vooruit* geweet dat dit sou gebeur en het ons baie instruksies gegee om ons te wys hoe ons *behoort* te voel: **“Wees dan geduldig,**

broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby. Moenie teen mekaar sug nie, broeders, sodat julle nie veroordeel word nie. Kyk, die Regter staan voor die deur” (Jakobus 5:7-9).

Dawid moes op die vlug bly en hoofsaaklik “wegkruip” van Saul vir omtrent tien jaar, in grotte en skeure reg oor Israel, voordat God hom uiteindelik verlos het en die beloofde koningskap gegee het! Dawid moes by tye gedink het: “Hoe lank, o Here?”

In Psalm 37:7-8, vertel Dawid ons: “Swyg voor die HERE en verwag Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie. Laat staan die toorn en verlaat die grimmigheid; wees nie toornig nie: dit is net om kwaad te stig”. Ons moet *geduldig* wag en besef dat God een of ander *hoër doel* het as om skynbaar antwoorde van ons gebede te “vertraag”. Dikwels sal ons Sy doel eers later in die lewe verstaan. Die profeet Daniël het 'n ondervinding soos hierdie ondervind. In Daniël 10:1-3 vind ons dat Daniël gevas en uitgeroep het tot God vir drie volle weke, nogtans het klaarblyklik *geen antwoord* gekom nie! Later was 'n engel gestuur om Daniël te bemoedig,

en het aan hom gesê: “Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te *verootmoedig*, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom” (Daniël 10:12). God het dus *alreeds gehoor*, en “hulp was onderweg”. Daniël het nogtans nie geweet dat hulp onderweg was nie tot op een of ander tydstip later. Só is dit met ons.

Ons God onderrig ons deur die apostel Paulus: “Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe; sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur **geloof en lankmoedigheid** erfgename van die belofte is” (Hebreërs 6:11-12).

Gaan weer na Psalm 37. Let op hoe Koning Dawid vir ons sê om te “wag op die Here”. Dawid skryf: **“Wag op die HERE** en hou sy weg, en Hy sal jou verhoog, om die aarde te besit; jy sal met welgevalle neersien op die uitroeiing van die goddelose mense” (vers 34). In afsluiting tot hierdie kragtige Psalm, het Dawid gesê deur God se inspirasie: “Maar die hulp van die regverdige is van die HERE, hulle toevlug in tyd van benoudheid. En die HERE help hulle en red hulle; Hy red hulle van die goddelose mense en verlos hulle, *want hulle skuil* by Hom” (verse 39-40). §

Toekomstige hongersnood: Die derde ruiter (Vervolg vanaf bladsy 20)

Ons is ooggetuies van die begin van 'n krisistyd. Die hedendaagse Israelitiese nasies het grotendeels die Wette van God *verwerp* en in morele agteruitgang verval wat 'n swak voorbeeld vir die wêreld stel.

Bybelprofesieë dui daarop dat God op die punt staan om ons op ongeëwenaarde wyse tereg te wys deur gebruik te maak van verwoestende weerverwante gebeure en polities-ge-motiveerde planne van ander

lande. Namate hierdie eindtydprofesieë *bewaarheid word*, sal dit van die verwoestendste hongersnood tot gevolg hê wat die wêreld nog ooit gesien het! §

Nasiebou: God se manier! (Vervolg vanaf bladsy 18)

Alhoewel nasies sal bly voortbestaan (Jesaja 19:24-25) sal oorloë tot 'n einde kom (Jesaja 2:4), die omgewing sal herstel word (Jesaja 35:1-2) en paaie en stede sal herbou word (Jesaja 19:23; 61:4). Nasies sal die weg van vrede leer (Psalm 119:165), hoe om standvastige gesinne te bou (Miga 4:4-6) en hoe om gesonde, bevredigende lewenste lei.

God se manier van nasiebou sal in Jerusalem begin en regoor die wêreld uitkring (Jesaja 2:2-4; 11:9), wat 'n tydperk van duisend jaar van vrede en voorspoed sal inlei wat bekend staan as die “*D u i s e n d j a r i g e R y k*” (Openbaring 20:4-6). Dit is waarop die *ware Evangelie* van Jesus Christus dui (Markus 1:14-15), soos wat baie Ou-Testamentiese profete reeds

aangedui het (sien Daniël 2:44-45; 7:27). Christene wat die denke en karakter van God ontwikkel en leer hoe om God se wette toe te pas, sal 'n rol speel in die oplossing van groot probleme en die heropbou van nasies in die Wêreld van Môre. Dit is die *werklike* toekoms en dit is die moeite werd om daarvoor voor te berei! §

Sal die terroriste oorwin? (Vervolg vanaf bladsy 12)

dit nodig sal wees dat u die toekomstige straf hoef te verduur, *mits* u u tot u Skepper sal keer met u hele hart en gewillig sal wees om Hom

werklik te gehoorsaam. Dink daaraan – as u met God wandel, hoef u *nooit* alleen te loop nie! U sal saam met Dawid kan sê: “Al gaan ek ook in 'n dal van

doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my” (Psalm 23:4). §

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

Indien daar *steeds nie* bekering is nie, sal **nog** *korrektiewe straf* volg: “En Ek sal julle **stede puinhope maak** ... En Ek sal julle onder die volke **verstrooi** en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n

wildernis en julle stede **puinhope** word” (verse 31-33).

Dit sal vir talle liberale mense aanloklik wees om “die spot te dryf” oor hierdie outydse profesieë. Dit is egter jammer om te sê dat hierdie voorspelde

gebeure *binnekort gaan begin* gebeur **tensy** ons nasies tot 'n diep en opregte **bekering** kom voor die Skeppergod! Ons het egter reeds só ver gegaan en só laag gedaal dat dit *uiters on-waarskynlik* is dat dit sal gebeur.

Gedurende die 1940's en 1950's, toe ek 'n jong man was, was die meeste Amerikaners en Britte in 'n mate godsdienstig, maar het tog nog 'n sekere agting gehad vir die idee van 'n ware God, vir die Tien Gebooe en vir die tradisionele gesinstruktuur. Ons toonaangewende politici en leiers het steeds 'n agting vir die Bybel getoon. Seksuele daade was nie op televisie of in die gemiddelde rolprentteater te bespeur nie – en daar is beslis nie eens die *afleiding* van perverse daade gemaak nie!

In die hedendaagse vermaaklikheidsbedryf, **verag** talle, indien nie die meeste mense nie, ooglopend die God van die Bybel en Sy Wette en Insettinge, en honderde van die leraars in algemene kerke en politici “gaan maar net saam met die stroom”. Dit is waar ons ons tans bevind. Die Skepper het nou alle rede om te begin om ons volke te tugtig *voor dit te laat is*.

Selfs daardie politici, belydende Christenleraars en vermaaklikheidsmagnate wat nie aktief perverse gedrag bevorder nie, gaan oor die algemeen “saam” en probeer dit goedpraat – of ten minste neutraal bly – en sê **niks** om ons mense wakker te skud uit hul geestelike koma nie. Hulle ignoreer die baie direkte opdrag van die apostel Paulus: “Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle

is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (1 Korintiërs 6:18-20).

In Deuteronomium 28 spreek God ook tot ons vaders in 'n meegaande profesie. Nadat ontsaglike seënninge belowe word vir *gehoorsaamheid* aan Sy weë, gee God hierdie plegtige waarskuwing: “Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooe en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal wees jou mandjie en jou bakskottel. Vervloek sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Vervloek sal jy wees by jou ingang, en vervloek sal jy wees by jou uitgang” (Deuteronomium 28:15-19).

Indien ons aanhou om God se Gebooe en Insettinge te **verag**, sal *hierdie bepaalde profesieë* begin plaasvind! God sit later hierdie kragtige profesie voort: “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklom; en jy sal laer en laer afsak. Hy sal aan jou leen, maar jy sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees. En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem

van die HERE jou God om sy gebooe en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie” (verse 43-45).

Al meer Amerikaanse werkgeleenthede word deur uitlanders weggeneem. Soos die rubriekskrywer Lou Dobbs onlangs geskryf het: “Onwettiges ontwig jaarliks meer as 700,000 Amerikaanse werkers. Die feit is dat die totale direkte koste van onwettige immigrasie ons ekonomie, insluitend maatskaplike dienste, na beraming \$20 miljard per jaar beloop. Tel hierby die koste van Amerikaanse uitvoer, die uitkontraktering van Amerikaanse werkgeleenthede aan goedkoop buitelandse arbeidsmarkte. Niemand het nog die totale koste vir ons ekonomie bereken van die honderde duisende werkgeleenthede wat oorsee gedoen word in wat Demokratiese Senator John Kerry van Massachusetts as '*Benedict Arnold companies*' bestempel nie. Die treffendste getuigenis van ons nasionale afhanklikheid is die Amerikaanse handelstekort. Die Amerikaanse handelstekort met Japan en China alleen vir 2003 het ongeveer \$190 miljard beloop. Nagenoeg die helfte van die Amerikaanse skatkis-obligasies is nou in besit van Asië. 'Ons is te afhanklik van buitelandse kapitaal', sê Peter Morici, professor van logistieke, sake en openbare beleid by die Universiteit van Maryland se Robert H. Smith Sakeskool” (*U.S. News & World Report*, 9 Februarie 2004).

Hoewel die VSA slegs 'n paar jaar gelede die wêreld se *grootste uitlener* was, is dit vandag waarskynlik die *wêreld se grootste lener!* Soos Reuters op 18 Februarie 2004 berig: “Die Amerikaanse regering se nasionale skuld – die opgehoopde tekorte van vorige begrotings – het Dinsdag, volgens 'n verslag van die tesourie departement, die \$7 triljoen oorskry. In sy daaglikse finansiële verslag wat Woensdag vrygestel is, sê die tesourie dat die Amerikaanse skuld, onderhewig aan 'n limiet wat deur die kongres bepaal is, \$7,015 triljoen beloop het, hoër as Vrydag se \$6,983”. Hierdie Reuters vrystelling het voorts die reaksie van 'n lid van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers aangehaal: “Republikein Baron Hill van Indiana, deel van 'n kerngroep Demokrate sê: 'Dit is eenvoudig sedeloos om 'n nasionale skuld van meer as \$7 triljoen te handhaaf, waarvan ons kinders en kleinkinders elke sent sal moet terugbetaal”.

Ja, dit is beslis “immoreel” vir ons politici in *beide partye* om aan te hou om al meer te beloop, al meer te bestee en ons toekomst totaal *bankrot* te maak!

Ons moet egter “die afleidings maak.” Al hierdie gebeure vind plaas omdat ons *weggedraai het* van die God wat ons in die eerste plek al ons nasionale seëninge gegee het. Deesdae wil baie mense die Tien Gebooue van die publieke plein verwyder. Party mense wil

selfs die woorde “*under God* [onder God]” van die Belofte van Trou en “*In God we trust* [Ons vertrou op God]” van ons geld *verwyder*. Is dit dan hoe genaamd 'n wonder dat so baie mense in so 'n anti-God omgewing, die einste woorde van ons Skepper oor die huwelik wil **uitdaag**? “En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees” (Genesis 2:22-24).

Wat is die Ewige God van voorneme om te doen om ons *wakker te skud*? Die profesie in Deuteronomium 28 gee ons die antwoord: “Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie, *sal jy jou vyand* wat die HERE teen jou sal stuur, *dien* in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles; en *hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het*. Die HERE sal teen jou 'n nasie bring van ver, van die einde van die aarde af, soos 'n arend vlieg – 'n nasie wie se taal jy nie verstaan nie, 'n nasie hard van aangesig, wat 'n grysaard nie ontsien en vir 'n seun geen genade het nie” (verse 47-50).

Vir 'n volledige verduideliking van die agtergrond van hierdie

profesie en vir Bybelse en geskiedkundige *bewyse* van ons nasionale herkoms, skryf beslis vir ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?* U het werklik hierdie inligting *nodig* om die eindtydgebure wat nou begin ontvou, te verstaan! Hierdie pragtige boekie sal absoluut *gratis* aan u gestuur word op versoek.

Ek het u hierdie kort **waarskuwing** gegee omdat ek opreg hoop dat **almal** van u lesers kan *verstaan* en *oorgaan tot aksie* terwyl daar nog tyd is. Brokkie vir brokkie, gaan ons moet toekyk hoe al hoe meer omstandighede “verkeerd loop” vir die VSA, Kanada, Brittanje, Suid-Afrika en die res van ons Engelssprekende wêreld. Stap vir stap, gaan die Ewige God ons nasies **skud** en ons volkere aarde toe bring soos nog nooit tevore nie, in die hoop dat baie mense betyds sal wakker word om in die eerste opstanding te wees.

In elke uitgawe van die *Wêreld van Môre*-tydskrif, sal ons u verdere inligting gee aangaande die drama van **eindtydprofesie** wat ontvou. Uself hoef nie te vrees nie – **mits u bereid is om aksie te neem**, want Jesus Christus sê aan Sy dissipels: “En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is” (Lukas 21:28).

